

1. Kwartaal 1
  1. [Menseregte en rassisme](#)
  2. [Hitler as diktator](#)
  3. [Die skryf van 'n historiese opstel](#)
  4. [Die Joodse vraagstuk](#)
2. Kwartaal 2
  1. [Apartheid en Apartheidswette](#)
  2. [Reaksies op die gebeure bey Sharpeville, 1960](#)
  3. [Die Soweto Opstand](#)
  4. [Menswaardigheid](#)
3. Kwartaal 3
  1. [Uitbreiding van die USSR se gesag in Oos-Europa](#)
  2. [Die Truman-leer en die Marshall-plan](#)
  3. [Die Berlynse Lugbrug en Blokkade](#)
  4. [Die Jackdaw- of Houerprojek](#)
  5. [Die kern- en ruimtewedloop](#)
4. Kwartaal 4
  1. [Eenheid in Afrika](#)
  2. [Kinders en Vigs in Afrika](#)

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **MENSEREGTE GEDURENDE DIE TWEEDE WÊRELDORLOG**

##### **Module 1**

###### **MENESEREGTE EN RASISME**

Menseregte en Rassisme: 'n Universele Skandvlek op Mensdom

##### **Leeraktiwiteit 1:**

**[LU 1.2, 1.4, 1.5, 2.3, 3.2, 3.3]**

BRON A

Rassisme is 'n skandvlek op die mensdom waarmee elke land op aarde besmet is – 'n afstootlike manier van baie mense om velkleur as maatstaf te gebruik in die taksering van ander. In 1994 is tot 'n miljoen mense, hoofsaaklik Tutsi's, binne 13 weke op grond van hul

en twee seuns lewendig verbrand is toe lede van 'n hoër Hindoe-kaste drie hutte aan die brand gesteek het. Sy oudste seun, die eerste een uit daardie dorp wat 'n graad verwerf het, is twee jaar tevore ook deur

etniese afkoms in Rwanda uitgemoor. Etniese suiwering was ook volop in die talle oorloë die afgelope tien jaar in die voormalige Joego-Slawië, wat nou opgedeel is in gebiede soos Serwië, Kosovo, Kroasië, Bosnië-Herzegowina, Montenegro en Macedonië.

Massaverkragtings was algemeen in die Bolkalander, en tot vandag toe in die oorlog in die Kongo (Kinshasa). Van die kruuste vorms word gesien in slawerny en oorloë, soos die uitwissing van ses miljoen Jode in die Tweede Wêreldoorlog in opdrag van Adolf Hitler, tot die subtielste uitdrukkings daarvan op skaars aantoonbare wyses in die werkplek en elders. Suid-Afrika het in die postapartheidsera steeds geen tekort aan wit, swart en bruin rassiste uit alle lae van die samelewning nie. Hulle het dikwels een of ander motivering uit die verlede hoekom hulle sodanige ingesteldheid huldig, soos 'n verwysing na 'n oorlog of politieke bestel van die afgelope vier eeu. In Zimbabwe word wit boere deur boewery van hul plase verdryf omdat pres. Robert Mugabe in sy 20 jaar aan bewind gruwelik versuim het om die grondvraagstuk op te los, tot nadeel van die hele Suider-Afrika. In Amerika word ewe veel wit en swart mense vermoor, maar sedert 1977 het 80% van

Hindoes vermoor. In Turkye word die 13 miljoen Koerde nie erken nie en 'n verwysing na hulle in die openbaar is strafbaar met tronkstraf. Oor die hele Europa word sigeuners as minderwaardig en as misdadigers beskou en aan aanrandings onderwerp. In Honduras in Sentraal-Amerika is 25 inheemse gemeenskapsleiers die afgelope jare vermoor weens hul veldtog vir die beskerming van hul regte. In Guatemala veg die inheemse groepe wat in die oorlog van die jare sewentig en tachtig moes ly weens onder meer massaverkragtings steeds om erkenning. Hulle word nie toegelaat om in hul moedertaal in hofverrigtinge te praat nie. In Australië gaan Aborigines steeds gebuk onder ekonomiese benadeling, maatskaplike ontwrigting en sistematiese diskriminasie. Die kans dat 'n Aborigine in hechtenis geneem word, is 22 keer groter as vir 'n ander Australiër. Die regering van Saoedi-Arabië het geweier

teregstellings in moordsake gevolg as resultaat van moord op blankes. In Indië word die polisie en regbank betrek by die kastestelsel, waarna verwys word as “versteekte apartheid”. Meer as 160 miljoen Davits word gereeld blootgestel aan ’n hele reeks menseregteskendings wat nie eens ondersoek word nie. ’n Talisman het verlede jaar op ’n menseregte-konferensie vertel hoe sy vrou,

om sedert die Golfoorlog 23 000 Irakiërs as vlugtelinge in hul land te erken. Daar is voortdurend na hulle as ‘gaste’ verwys. In die Soedan is duisende lede van die Dinka-groep in die suide as slawe na die noorde ontvoer. Daar word vroue en dogters op groot skaal verkrag en seuns gedwing om soldate te word. Sommige word ook gedwing om Arabiese name aan te neem en hulle tot die Islam te bekeer.

China onderdruk Tibetane al vyf dekades lank en veral mans uit etniese minderhede soos die Oelgoers word aan seksuele marteling onderwerp. Dan is daar nog in die Midde-Ooste die Jode en Palestyne se berugte liefdeloosheid teenoor mekaar. Lande soos Oostenryk, België, Switserland, Frankryk, Japan en Suid-Afrika word uitgesonder vir hul hardhandige optrede teenoor asielsoekers en vlugtelinge.

Dr. Desmond Tutu, gewese WVK-voorsitter en Anglikaanse aartsbiskop, het by geleentheid gesê: **‘Geen mens word ’n rassis gebore nie’**. Dit word aangeleer. Daarom kan dit ook afgeleer word. - Artikel in *Die Burger*, **Augustus 2001** Aktuele Sake deur Jannie Ferreira -

## BRON B

1. Gebruik 'n buitelynkaart van die wêreld as BRON B en 'n atlas en kleur al die lande op die buitelynkaart in wat volgens die artikel (BRON A) rassisme beoefen.
2. Maak 'n lys van voorbeeld van rassisme soos in die artikel genoem word.
3. Gee 'n voorbeeld van wat jy as rassisme beskou:

PLEK	VOORBEELD
a. In jou skool	
b. In jou gemeenskap	
c. In jou land	
d. In jou vriendekring	

4. Gebruik die artikel om jou eie definisie vir rassisme te formuleer.
5. Watter een van die insidente wat in die artikel genoem word, beskou jy as die ergste skending van menseregte? Motiveer jou antwoord.
6. Dink en skryf neer enige ander voorbeeld van rassisme wat op die oomblik in Suid-Afrika of in die wêreld plaasvind.

## Assessering

## Leeruitkomstes(LUs)

### LU 1

Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 ‘n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en ‘n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evaluateer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 ‘n onafhanklike redenasie as antwoord op ‘n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

### LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

LU 3

Geskiedkundige Interpretasie Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Hitler as diktator

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **MENSEREGTE GEDURENDE DIE TWEEDE WÊRELDORLOG**

##### **Module 2**

###### **HITLER AS DIKTATOR**

###### **LEERAKTIWITEIT 2**

Hitler as diktator

**[LU 1.1, 1.5, 2.2, 3.1, 3.2, 3.3]**

- Bestudeer die onderstaande bronne en beantwoord die vrae wat daarop volg:

###### **BRON A**

’n Man wat gebore is as leier mag nie terughoudend wees nie; dit is sy taak om na vore te tree.

(Hitler by sy verhoor, München, 1923.)

BRON B’n Nazi verkiesingsplakkaat.



Die woorde is as volg: Ja! Führer (leier) ons volg u!

#### BRON C

“Ek kan nie die emosies beskryf wat deur my gaan as ek Hitler hoor praat nie. As hy oor die vernedering van Duitsland praat, voel ek om op die vyand te spring. Sy oproep tot Duitse manmoedigheid was ook 'n oproep om die wapen op te neem, sy nuus was die evangelie, die blye boodskap. Ek het alles behalwe dié man vergeet. As ek om my gekyk het, het ek opgemerk dat sy magnetisme huisende om my gebind het. Hierdie intense wil van die man, die passie van sy eerlikheid, het in my gevloeい. Ek het ervaring gehad wat met Bybelse bekering vergelyk kan word.”

( uit 'n Nazi se biografie)

#### BRON D

“As ek nie die innerlike oortuiging het dat ek die regte ding doen nie, doen ek niks nie, nie eers as die hele Nazi Party my tot aksie wil forseer nie.”

(Hitler, soos beskryf deur 'n Duitse skrywer, H. Rauschnigg wie hom goed geken het, 1939)

#### BRON E

“Hiermee verklaar ek onvoorwaardelike trou aan die Führer van die Duitse Ryk en Volk, Adolf Hitler, opperbevelhebber van die weermag, en is gereed om as 'n brawe soldaat my lewe vir hierdie eed af te lê.”

(Eed afgelê deur alle offisiere en manskappe in die Duitse weermag sedert Hitler in 1934 Führer geword het.)

BRON F Plakkaat vir ledewerwing vir die Hitler Jeugbeweging, 1939.

Dit lees: “Die Jeug dien die Führer. Alle tienjariges in die HJ (Hitler Jugend)



#### BRON G

‘Duitsland se probleme kan slegs deur middel van geweld opgelos word. Ons eerste doelwit is die omverwerping van Oostenryk en Tsjeggo-Slowakye gelyktydig om sodoende 'n bedreiging van 'n gesamentlike

optrede van Frankryk en Brittanje te kan teenstaan. Waar die res van die wêreld hul defensief voorberei, moet ons offensief optree. Duitsland het 'n reg op groter lewensruimte in Europa. Dit is Hitler se vasbeslote doel om die Duitse grondkwessie nie later nie as 1943-45 op te los.'

(Verslag van 'n vergadering tussen Hitler en sy generale staf, November 1937. Die generaals het gekla dat Hitler se planne te gevaarlik was. Dié generaals is afgedank.)

#### BRON H

“Van nou af vorentoe neem ek persoonlik die bevel van al die Duitse gewapende magte oor.”

(Aankondiging, Hitler, Februarie 1938.)

#### OPDRAGTE

1. Bestudeer Bronne A tot C. Verkry uit hierdie bronne karaktereenskappe en vaardighede wat Hitler as diktator kon aanwend.
2. Wat vertel Bronne B, E, F en H jou van Hitler se posisie in Duitsland?
3. Bestudeer Bron G. Watter gebeure het uitgewerk soos Hitler beplan het?
4. Deur weer Bron G te bestudeer en jou kennis te gebruik, watter gebeure het nie so uitgewerk soos Hitler gedink het nie?
5. Watter eienskap van 'n diktator kom in Bron E voor?
6. Bestudeer Bron B. Watter getuienis in die bron dui daarop dat dié bron propagandisties is?

#### HOLISTIESE RUBRIEK:

- Assessering van oorsaak en gevolg
- LU 1.1, 1.5, 2.2, 3.1, 3.2, 3.3

1(1 - 7)	Lê geen verband tussen die bewyse in die bronre en die vraelys nie. Probeer om oorsake en gevolge te identifiseer. Kan nie veel meer doen as om oorsaak en gevolg te identifiseer nie.
2(8 – 9)	Skryf bewyse uit bronre op vraelys neer. Verduidelik oorsaak en gevolg. Is nie duidelik oor die belangrikheid van vergelykings en afleidings nie
3(10 – 13)	Doen toepaslike oorplasing en prosessering van bewyse en inligting uit bronre op vraelys. Verduidelik verskeie oorsaaklike faktore en onderlinge verbande. Kom tot 'n aantal deurdagte gevolgtrekkings deur die gebruik van vergelykings en afleidings.
4(14 – 20)	Doen oorplasing en prosessering van bewyse en inligting met hoë graad van effektiwiteit. Identifiseer oorsaak en gevolg en is in staat om die ontleding met bewyse te ondersteun. Gebruik oorsaak en gevolg om tot deurdagte en insiggewende gevolgtrekkings en afleidings te kom.

OPTEKENINGSKODE		
NA TOETSPUNT VERWERK		/ 20

## Assesserings

## Leeruitkomstes(LUs)

### LU 1

Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 ‘n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en ‘n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evaluateer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 ‘n onafhanklike redenasie as antwoord op ‘n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

### LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

LU 3

Geskiedkundige Interpretasie Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan ]bronnie interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronnie opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronnie interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Die skryf van 'n historiese opstel

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **MENSEREGTE GEDURENDE DIE TWEEDE WÊRELDORLOG**

#### **Module 3**

#### **DIE SKRYF VAN 'N HISTORIESE OPSTEL**

**Integrasie van leeruitkomstes:** Historiese opstel

**[LU 1.2, 1.4, 1.5, 3.1, 3.2, 3.3]**

- Deur gebruik te maak van jou eie kennis en bostaande bronne (A – H), skryf 'n opstel waarin jy kenmerke van 'n totalitêre staat verduidelik.

#### **Leeraktiwiteit 1:**

#### **Oefening in die skryf van 'n geskiedenisopstel**

**[LU 1.1, 1.2, 1.4, 2.1, 2.1, 2.3, 2.4, 3.4]**

- Bestudeer die onderstaande bronne en skryf 'n opstel van een A4-foliovel waarin jy verduidelik hoe die Duitsers Jode uitgeken het. Gee ook jou mening oor die metodes van rasseklassifikasie wat gebruik is.

**BRON***Jakob Graf: Hereditary and Racial Biology for Students (1935)*

Hoe kan ons leer om 'n persoon se ras raak te sien?

... 6. Maak propagandaplakkate en -spotprente vir jou rasseboek bymekaar en rangskik dit ooreenkomsdig 'n rasingedeelde plan. Watter beeld van skoonheid word deur die kunstenaar beklemtoon (a) in plakkate wat sport en reis bekendstel? (b) Hoe word jagters, bergklimmers en veeherders uitgebeeld?

7. Maak uit geïllustreerde tydskrifte en koerante, ens., die prente van groot studente, staatsmanne, kunstenaars en ander wat hulself besonderlik onderskei het (byvoorbeeld in die ekonomiese lewe, politiek, sport) bymekaar. Bepaal die oorheersende ras en mengsel volgens die fisiese eienskappe. Herhaal die oefening met groot manne van alle nasies en in alle tye.

... 10. Hou die Jood dop: die wyse waarop hy loop, sy houding, sy gebare, en bewegings wanneer hy praat.

11. Wat val jou op as 'n Jood praat of sing?

#### BRONNazi skoolhandboek *Die giftige sampioen*

Klein Karl het die bordstok geneem en na die skryfbord gegaan en na die skets gewys. "'n Jood is gewoonlik uitkenbaar aan sy neus. Die Jode se neuse is krom aan die einde... Baie nie-Jode het ook krom neuse, maar hulle neuse is gebuig, nie aan die end nie, maar hoër op. So 'n neus word 'n haakneus genoem... Dit het nikks met 'n Joodse neus uit te waai nie... Die Jood kan ook aan sy lippe uitgeken word. Dit is gewoonlik dik. Dikwels hang sy onderlip oor... Jode is ook herkenbaar aan hul oë. Hul oogledes is gewoonlik dikker en meer vleeslik as ons s'n. 'n Jood lyk slu en skerp."

#### BRON

Johannes Stark in verband met die Jode. In 1934 het hy die Nobelprys vir sy werk in die veld van die elektromagnetisme ontvang. Hy het sy mede-Duitse Nobelprysontvangers versoek om 'n verklaring van steun aan "Adolf Hitler..." te teken. Hy sê van die Jode:

Dit is inderdaad waar dat die Joodse gees, te danke aan die buigsaamheid van sy intellek, by magte is deur die na-aping van die Duitse voorbeeld, om

belangrike bydraes te maak, maar dit is nie moontlik om oorspronklike kreatiewe werk in die groot uitvindings van die natuurwetenskap te lewer nie. In die onlangse tye het die Jode dikwels na Heinrich Hertz as 'n teenargument gewys. Dit is waar dat Heinrich Hertz belangrike ontdekings in die veld van die elekromagnetiese golwe gemaak het, maar hy is nie 'n volboed Jood nie. Hy het 'n Duitse moeder...

BRONH Gauch: *New Foundations of Racial Science* (1934)

Die Nordiér praat nie baie nie... Die mense van ander rasse praat baie en wat hulle sê is oppervlakkig, sonder goeie oordeel en onwaar...

'n Nordiér kou sy kos met 'n toe mond, deur 'n maalbeweging van sy kake, terwyl ander rasse gewoonlik kou met 'n klapgeluid van diere as gevolg van hul manier om hul kake te beweeg en die herhaalde oop en toe maak van hulle monde.

Die fisiese vorme van die Nordiese vrou is spesiaal mooi, terwyl dit by ander rasse nie die geval is nie. Hulle mans is mooier, net soos in die dierewêreld.

Die Nordiér het 'n aanvoeling om intern en ekstern skoon te wees, terwyl die nie-Nordiese mense altyd in 'n vuil omgewing bly wanneer hulle by hul eie mense is. Baie diere is beter as nie-Nordiërs as dit by skoonwees kom.

Rasvermenging... veroorsaak en gee aanleiding tot siektes. Dit is 'n oortreding van die wet van die uitspansel, 'n misdaad teen die toekomstige geslag, manslag en moord.

Nie-Norde is ongeveer gelyk aan diere of vorm 'n nou verbintenis met hulle.

Die Nordiese mens is daarom die skepper van alle kultuur en beskawing. Die redding en behoud van die Nordiese mens alleen sal die kultuur en beskawing red en beveilig.

## Assessering

## Leeruitkomstes(LUs)

### LU 1

Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 ‘n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en ‘n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evaluateer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 ‘n onafhanklike redenasie as antwoord op ‘n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

### LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

LU 3

Geskiedkundige Interpretasie Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Die Joodse vraagstuk

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **MENSEREGTE GEDURENDE DIE TWEEDE WÊRELDORLOG**

##### **Module 4**

###### **DIE JOODSE VRAAGSTUK**

###### **LEERAKTIWITEIT 1**

Die Joodse vraagstuk

[LU 1.2, 1.4, 1.5, 2.1, 2.2, 2.4, 3.2, 3.3]

###### **BRON A**

In een van sy eerste toesprake het Hitler die Jode vir die wêreld se probleme geblameer.

“Die Jode het alreeds Rusland vernietig en nou wil hulle dieselfde met Duitsland doen. Uit afguns wil hulle Duitse Nasionalisme vernietig.”

Hitler, Julie 1922

###### **BRON B**



'n Joodse winkel vol Nazi-graffiti, Berlyn 1933

#### BRON C

ARTIKEL 1: Enige huwelike tussen Jode en Duitse burgers word hiermee verbode verklaar. Bestaande huwelike is dus vanaf vandag ongeldig.

ARTIKEL 2: Buite-huwelikse verhoudings tussen 'n Jood en Duitse burger word hiermee belet.

ARTIKEL 3: Jode word belet om in hul huishoudings persone as bediendes te gebruik wat van Duitse afkoms is.

ARTIKEL 4: Jode word verbied om die Duitse vlag of kleure te vertoon, maar mag sonder enige goedkeuring Joodse simbole en kleure vertoon.

ARTIKEL 4(1): Jode kan nie Duitse burgers word nie en daarom ook nie in 'n verkiesing hul stemreg uitbring nie.

ARTIKEL 5: 'n Jood is 'n persoon wat volgens afkoms drie generasies voorouers gehad het wat Joods was.....

**DIE NEURENBERGWETTE, BURGERSKAP EN RAS**, Sep – Nov 1935. (Bron: Snyder, L: *Fifty Major Documents*)

#### Bron D

Illustrasie uit 'n Duitse boek vir Kinders, 1937.



Bron E

Parys 1940, 'n Joodse vrou wat die geel ster dra. In Duitsland en Duits-beheerde Europa is Jode gedwing om geel sterre te dra.



BRON F'n Franse gevangene het beskryf hoe Jode in Auschwitz vergas is.

“Die mans het aan die eenkant gestaan, die vrouens aan die anderkant. Hulle is baie vriendelik aangespreek – Julle is op reis, julle moet julself nou reinig en gaan bad. Trek vinnig uit.” Handdoeke en seep is uitgedeel. Dan het die soldate se houding verander en het hulle die Joodse mans en vrouens met knuppels 'n paar honderd meter na die saal gejaag. Die deure is gesluit en SS Unterscharführer Moll het die gifgas by die luik in die stortkamer ingegooi. Jy kon die angswakkende gille hoor, 'n paar minute daarna 'n

doodse stilte. Twintig minute later is die deure en vensters oopgegooi, die lyke in oonde geplaas om verbrand te word. Tandartse het elke lyk se mond ondersoek om goud uit tande te verwijder. Vrouens se hare is vir industriële doeleindes verwijder.

## BRONNE-AKTIWITEIT

- **LU 1** Historiese Kennis en Begrip

1. Wat is *Mein Kampf* en wie het dit geskryf?
2. Met watter kenmerke van Hitler se binnelandse beleid het ons in Bronne C, E en F te make?
3. Bron C is 'n goeie voorbeeld van die historiese begrip van oorsaak en gevolg. Verduidelik die verband hier.
4. Die historiese tendens van kontinuïteit kan vanaf Bronne A na F waargeneem word. Verduidelik dié begrip en verklaar die verband hier.
5. Watter historiese beginsel word in Bron E uitgebeeld?

- **LU 2** Vaardighede om ondersoek na die verlede en hede in te stel

6. Bestudeer Bronne A tot F. Verklaar met redes of dit primêre of sekondêre bronne is.

BRON	Primêr / Sekondêr	REDE
A		
B		

C		
D		
E		
F		

8. Deur ook van jou kennis gebruik te maak, verklaar watter rassebeleid van Hitler in Bron C aangetref word. Wat het dié beleid behels?
9. Verklaar die verband tussen Bronne C en D.
10. Watter van die bronne sal 'n historikus wat die Nazi-, Duitse geskiedenis bestudeer het, die betroubaarste vind? Motifeer jou antwoord.
11. Bestudeer Bron F. Wat in hierdie Bron is die mees onstellende?

### Opdrag

- Ontwerp 'n plakkaat waarop jy aandui dat rassisme en menseregte-skendings in die wêreld onaanvaarbaar is.

### Assessering

Leeruitkomstes(LUs)	
LU 1	

Geskiedkundige Ondersoek Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te

ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

### LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en

langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

### LU 3

**Geskiedkundige Interpretasie** Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronnie interpretasie];

3.2 ‘n interpretasie gegrond op bronnie opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronnie interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

## Apartheid en Apartheidswette

# **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

## **Graad 9**

### **SA VANAF 1948 TOT 2000: NASIONALISME**

#### **Module 5**

#### **APARTHEID EN DIE APARTHEIDSWETTE**

Die volgende bronne verwys na Apartheid en Apartheidswette

[LU 1, 2, 3]

BRON A: Wet nr. 55 van 1949 – Verbod op Gemengde Huwelike

Die wet het bepaal dat blank en nie-blank nie meer met mekaar kon trou nie.

BRON B: Wet nr. 30 van 1950 – Bevolkingsregistrasiewet

- Die regering het elke persoon as ‘blank’ of ‘kleurling’, of ‘naturel’ geklassifiseer.
- Mense wat as ‘kleurling’ of ‘naturel’ geklassifiseer is, is verder in etniese groepe, bv. ‘Maleier,’ ‘Griekwa,’ ‘Xhosa’ ‘Zulu’ ens. verdeel.
- Almal het amptelike identiteitskaarte, wat hulle rasseklassifikasie aangedui het, ontvang.

BRON C: Wet nr. 49 van 1953 – Wet op Aparte Geriewe

- Aparte toegang tot geboue, aparte sitplekke, toonbanke, teaters, strande, busse ens. vir die onderskeie rassegroepe.
- Mense wat van die verkeerde geriewe gebruik gemaak het, kon tot ’n boete van £50 of ’n tronkstraf van drie maande gevonnis word.

## BRON D:

Op 28 Augustus 1963 het Martin Luther King Jr. sy “I have a Dream” - toespraak by die Lincoln-Monument in Washington gemaak. Hy het hierna verwys as “die grootste demonstrasie van vryheid in ’n volk se geskiedenis.”

*Ek het 'n Droom*“Ek het 'n droom dat my vier kinders eendag in 'n nasie sal lewe waar hulle nie beoordeel sal word op grond van hul velkleur nie, maar eerder op grond van hulle karakter.

*Ek het vandag 'n droom*Ek het 'n droom dat die staat van Alabama eendag...verander sal word in 'n toestand waar klein swart seuntjies en dogtertjies in staat sal wees om die hande te vat van klein blanke seuntjies en dogtertjies en soos susters en broers saam sal kan loop.

*Ek het vandag 'n droom*Ek het 'n droom dat elke vallei eendag verhoog sal word, elke heuwel en berg verlaag sal word, die ruwe plekke vlaktes gemaak sal word, en die krom plekke reguit gemaak sal word, en God se heerlikheid openbaar gemaak sal word en dat die mensdom dit gesamentlik sal sien.”

## LU 3:Die leerder is in staat om 'n begrip van historiese interpretasie te toon

1. Jy is 'n vyftienjarige seun of dogter in die jaar 1965, en jy het 'n brief van 'n penmaat in San Francisco, Kalifornië, ontvang. Hierdie vriend(in) het in 'n koerant gelees van Apartheid in Suid-Afrika. Sy het die woord nog nooit tevore teëgekom nie. Maak gebruik van Bronne A, B en C, asook jou eie kennis om aan haar/hom in 'n brief jou eie interpretasie van die betekenis van die woord “Apartheid” te verduidelik, en ook hoedat jy deur hierdie wette geraak word.

## LU 1:Die leerder is in staat om vaardighede te bemeester ten einde die verlede en hede te ondersoek

2. Bestudeer Bron D.

2.1 Verkry bewyse uit die toespraak dat apartheid nie slegs onder die Nasionale Party-regering in Suid-Afrika bestaan het nie.

**3.** Vergelyk Bronne A, B, en C met Bron D.

3.1 Na watter een van die Suid-Afrikaanse Apartheidswette word daar verwys in Martin Luther King se toespraak? Motiveer jou antwoord deur bewyse uit die bronne te verkry.

3.2 Martin Luther King het hierdie toespraak in 1963 gemaak. Na hoeveel jare het hierdie droom van hom in Suid-Afrika waar geword?

**4.** Besoek die biblioteek of die Internet om uit te vind deur wie Martin Luther King in 'n sluipmoordaanval gedood is, asook die rede daarvoor.

## **Assessering**

Leeruitkomstes(LUs)

LU 1

Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid

relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

## LU 2

Geskiedkundige Kennis en Begrip Die leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

## LU 3

**Geskiedkundige Interpretasie** Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Reaksies op die gebeure bey Sharpeville, 1960

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **SA VANAF 1948 TOT 2000: NASIONALISME**

##### **Module 6**

###### **Reaksies op die gebeure by Sharpeville, 1960**

Reaksies op die gebeure by Sharpeville, 1960

[LU 1, 2, 3]

##### **BRON A**

Stadsgebied naby Vereeniging in die Suid-Transvaal, waar die polisie op 2 Maart 1920 paniekbevange geraak en op 'n skare Pan-African Congress (PAC) anti-pas-betogers geskiet het. 69 Swartmense is gedood en 180 gewond. Die slagting is wêreldwyd veroordeel. "n Week later is die PAC en ANC verban en 'n noodtoestand afgekondig. Die krisis het geleei tot 'n uitvloei van kapitaal en vaardigheid, en tot groter internasionale druk op Suid-Afrika om sy apartheid beleid te verander, maar na slegs 'n oomblik van twyfel, het die regering op dieselfde pad voortgegaan. Sharpeville bly steeds 'n simbool van apartheid se brute geweld.

(C.C. Sanders: *An Illustrated Dictionary of South African History, 1994*)

##### **BRON B: Die Regering se antwoord in die Parlement**

Dr. Verwoerd het besonderhede oor die opstande aan die Parlement verskaf. Hy het gesê dat ongeveer 2 000 Afrikane betoog het, deur huise binne te storm en met geweld mense se identiteitsboeke te verwyder.

Die skare het geleidelik aangegroei totdat daar ongeveer 20 000 was. Telefoonrade is gesny en oproer het plaasgevind. Die polisie moes begin skiet en 25 mense is gedood en 50 gewond. Dr. Verwoerd het gesê dat hierdie feite en getalle voorlopig was.

(Aangehaal uit: Cape Times, Dinsdag, 22 Maart 1960)

BRON C: Sekondêre Bron – 500 jaar, CFJ Muller (1987)

Volgens Robert Sobukwe sou dit slegs die begin wees van 'n versetveldtog, wat sodanig in geweld sou groei, dat die PAC binne drie jaar die land sou kon oorneem.

In opdrag van die PAC het groepe Afrikane in verskillende dele van die land hulle passe op 21 Maart 1960 verbrand en daarna na die naaste polisiestasie opgeruk en geeïs om in hegtenis geneem te word. In die meeste woongebiede was die protesveldtog vreedsaam en die polisie het óf die Afrikane wat daaraan deelgeneem het gearresteer, óf hulle beveel om weg te gaan. In Sharpeville naby Vereeniging en in Langa naby Kaapstad het die protesveldtog egter tot bloedvergieting gelei. In Sharpeville het ongeveer 10 000 Afrikane om die polisiekantoor saamgedring. Die polisie het bedreig gevoel en met masjiengewere losgebrand. Die skare het uiteengespat. In die skietery is 69 gedood en 198 gewond. Volgens die lykskouing is die meeste van die mense wat aan koeëlwonde beswyk het, in die rug geskiet, d.w.s. nadat hulle alreeds op die vlug geslaan het..

BRON D

**'n Verklaring deur mnr. Van Rhyn, Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, na die skietery (Shooting in Sharpeville: The Agony of South Africa, Gollancz, London)**

Volgens feitelike inligting tans beskikbaar, het Maandag se onluste te Sharpeville gespruit uit 'n beplande betoging van ongeveer 20 000 naturelle, waartydens betogers die polisie met 'n verskeidenheid van wapens, insluitend vuurwapens, aangeval het. Die betogers het eerste begin skiet en die polisie was uit selfverdediging verplig om terug te vuur en sodoende nog tragieser gevolge te verhoed. Die bewerings van die VVO se

Afro-Asiatiese groepe, waarin hulle 'n vergadering van die Veiligheidsraad aanvra, en sê dat die betogings ongewapen en vredesaam was, is dus heeltemal onwaar...

BRON E: 'n Uittreksel van 'n toespraak tydens die Veldtog vir 'n Republiek

**Reaksie van die Suid-Afrikaanse Regering:** *In sy eerste openbare optrede sedert die skietery, het Verwoerd by Meyerton in 'n toespraak tydens die Republikeinse Veldtog die volgende gesê – en dit was presies dit wat die blankes wou hoor:*

'niemand moet ontsteld wees nie. Niemand moet dink dat wet en orde nie gehandhaaf kan word nie.'

Die massa swartmense van Suid-Afrika – en ek ken Bantoes dwarsoor die land – is ordelik en vredeliewend. Hulle is lojaal teenoor die regering en die landsadministrasie... Die groepe mense wat slegs hulle eie belang nastreef, is klein, en maak gebruik van massa-sielkunde by massa-vergaderings, en deur dreigemente en ander middele is hulle soms die oorsaak van moeilikheid... Ons is nie van plan om verontrus te word oor wat in die buitewêreld in alle onkunde gedoen en gesê het nie.'

BRON F: Reaksie van die ANC

- Sommige ANC-leiers het beweer dat die skare wat by Sharpeville byeengekom het, nie lede of ondersteuners van die PAC was nie.
- Die skare was nie ten volle bewus van wat aan die gang was nie.
- Dit word beweer dat hulle nie besef het dat hulle daar was as deel van die PAC se protesaksie nie.
- Beweer dat die swartmense die polisie en die PAC gesamentlik verantwoordelik hou vir die Sharpeville marteling: die polisie vir die werklike slagting, die PAC vir sy "ontydige" en "onverantwoordelike" optrede.
- Die ANC was op die punt deur van om sy eie anti-pas-betogings te organiseer, wat volgens hulle, beter beplan was.

Uit verslae van die regterlike kommissies kan dit met veiligheid aanvaar word dat die skare passief (vreedsaam) was. Dit alleen is egter nie positiewe bewys óf van die ANC-aanspraak dat die skare onkundig was oor die doel van die byeenkoms nie, of van die PAC-aanspraak dat hulle almal daar was om op 'n ordelike wyse teen passe te betoog nie. Die polisie bewering dat die skare gevaelik, vyandelik en dreigend was, is nie gesteun deur getuenis wat onafhanklik ooggetuies gelewer het nie .

(Aangehaal uit: *Patrick van Rensburg's Guilty Land*, 1962

BRON G: UITREKSEL UIT DIE GETUIENIS VAN ROBERT MAJA voor die Hof van Ondersoek na die Sharpeville-skietary

- Deur Mn Mr Kentridge ondervra:

Mnr Maja, u is 'n Predikant van die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika?  
– *Ek is.*

Woon u in Sharpeville? – *Ja.*

Was u in Sharpeville op 21 Maart hierdie jaar? – *Ek was.*

Ongeveer hoe laat het u u huis verlaat dieoggend van die 21ste? – *Ek is nie seker van die tyd nie, maar ek dink dat dit tussen 10 en 11 was.*

En waarheen het u gegaan? – *Ek het na 'n Predikant, mn. Voyi, wat 'n leraar van die Anglikaanse Kerk is, gegaan.*

In Sharpeville? – *Ja, in Sharpeville.*

Toe u by sy huis aangekom het, wat – het u hom tuis aangetref? – *Ek het sy vrou daar aangetref en het haar gevra waar hy was, en sy het aan my vertel dat hy na die Polisiekantoor gegaan het.*

Het u skare mense by die Polisiekantoor aangetref? – *Ek het baie mense in die oopste daar aangetref.*

Naby die Polisiekantoor – *ja.*

Het u 'n tydjie tussen die skare deurgebring? – *Ja, ek het.*

Kan u ons vertel watter stemming daar toe onder die skare geheers het? – *Hulle was gelukkig.*

Het die skare vir u aggressief gelyk? – *Nee.*

Of vyandig jeens die polisie? – *Daar was niks wat op bakkery gedui het nie.*

U het geen wapens onder die skare gesien nie? – *Nie 'n enkel ene nie.*

In die tyd wat u daar by die Polisiekantoor onder die skare deurgebring het, het u enige vliegtuie gesien wat oor die skare gevlieg het? – *Ja, hulle het 'n paar. 'n Paar sou kom en daarna weer 'n paar, ensovoorts.*

Het hulle laag in die rigting van die skare afgeduik? – *Ja, hulle het. Daar was jongmense wat hulle hoede in, die rigting van die vliegtuie gegooi het.*

En hoe het u hierdie gebaar, waar hulle hul hoede in die lug gooï en “Hoera” skree, geïnterpreteer? – *Hulle het dit geniet..*

Toe u na die skietvoorval na hierdie lyke toe gaan, het u enige klere wat op die grond rondlê, gesien – hoede of skoene? – *Daar was 'n aantal skoene en hoede.*

BRON H: UITREKSEL UIT LECHAEL MUSIBI SE GETUIENIS voor die Hof van Ondersoek, Sharpeville-skietary

- Deur mnr. Kentridge ondervra:

U is die onderwyser van Sharpeville, nie waar nie? – *Ja.*

Het die kinders daardie dag skool toe gekom? – *Nee, hulle het nie skool toe gekom nie.*

Wat het u by die mense gehoor? – *Ek het gehoor dat sommige Pan-African lede gereël het dat mense nie werk toe moes gaan nie.*

Nou, 'n tydjie na eenuur, het u u huis verlaat? – *Ja, ek het my huis verlaat teen eenuur of net na eenuur.*

Waarnatoe het u per fiets gery? – *Ek het per fiets skool toe gery, om my boeke daar te gaan haal.*

Op daardie tydstip, toe u binne hoorafstand gekom het, kan u vir my die skare se stemming, soos u dit ervaar het, beskryf? – *Soos ek dit gesien het, was die stemming van die skare baie kalm. Hulle het net rondgekuier – asof hulle gretig was om by die Polisiekantoor uit te kom; dis die indruk wat ek gekry het.*

Het u enige geskreeu gehoor? – *Geen geskreeu.*

- Kruisondervraging deur mnr Louw:

Het u baie singery daar gehoor? – *Ja, hulle het gesing.*

Wat het hulle gesing? – *Christelike liedere.*

Watter ander liedere het julle gesing? – *Hulle het "Abide with Me" gesing.*

**CHIEF LUTHULICalls upon you to: MOURN THE VISTIMS OF POLICE VIOLENCE. PROTEST AGAINST POLICE KILLINGS. PROTEST AT THE PASS LAWSSTAY AT HOME FOR ONE DAY MONDAY 28TH MARCH 1960** BRON I: Plakkaat van Hoofman Albert Luthuli – beroep om 'n dag van rou

(Bronne **D, E, G, H** en **I** is aangehaal uit: *REPRESENTATIONS OF 20TH CENTURY HISTORY* deur C. PEARCE en S. KARABATSOS)

## **LU 2 Die leerder is in staat daartoe om historiese kennis en begrip te toon**

**1.** Bestudeer Bronne A en C. Wat was die oorsaak van die Sharpeville-incident?

2. Bestudeer Bronne G en H. Watter ooreenkoms is daar in die beskrywings wat Maja en Musibi gee van die skare se stemming?

### **LU 1: Die leerder is in staat om vaardighede te bemeester ten einde die verlede en die hede te ondersoek**

3. Bestudeer Bron A. Hoe verstaan jy “Die slagting is wêreldwyd veroordeel.”? motiveer jou antwoord deur gebruik te maak van bewyse uit die bron.

4. Bestudeer Bron C. Verduidelik waarom die lykskouing bewys het dat die dooies koeëlwonde in hulle rûe gehad het. Is dit 'n aanduiding dat hulle ná of weg van die polisie gehardloop het?

5. Was mnr Maja en mnr Musibi in 'n goeie posisie om die skare se gemoedstoestand te beskryf? Motiveer jou antwoord met bewyse uit die bronne.

5.1. Bestudeer Bron G. Verkry bewyse uit hierdie bron dat die skare wel ongewapen was.

6. Bestudeer Bronne B en E.

6.1 Hoe weerspreek die Eerste Minister, dr. Verwoerd, homself oor die swartmense van Suid-Afrika se gemoedstoestand?

6.2 Wat is volgens jou die rede hiervoor? (Bron E kan jou help met hierdie antwoord)

### **LU 3: Die leerder is in staat om 'n begrip van historiese interpretasie te toon**

7. Bestudeer Bron I.

7.1 Hoe word mense versoek om te protesteer?

7.2 Dink jy dis 'n doeltreffende manier om protes aan te teken? Motiveer jou antwoord.

7.3 Wat anders kon die swartmense volgens jou doen om hulle verset te toon?

**8.** Bestudeer Bronne A tot I oor die reaksies op die Sharpeville-incident. Skryf jou eie reaksie op hierdie incident neer.

**9.** Bestudeer Bron F.

9.1 Wat was volgens jou die rede waarom die ANC so teenoor die PAC gereageer het?

9.2 Vir wie het die ANC die skuld gegee vir die Sharpeville-slagting? Dink jy die ANC is korrek? Gee redes vir jou antwoord.

## Assessering

Leeruitkomstes(LUs)

LU 1

Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotypes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

## LU 2

Geskiedkundige Kennis en Begrip Die leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang

beteken nie [verandering en kontinuïteit].

### LU 3

Geskiedkundige Interpretasie Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Die Soweto Opstand

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **SA VANAF 1948 TOT 2000: NASIONALISME**

##### **Module 7**

###### **DIE SOWETO OPSTAND**

Die Soweto Opstand [LU 1, 2, 3]

‘Vanaf die oomblik van die verkiesing van die Nasionaliste het ons geweet ons land sou voortaan ’n plek van spanning en oproer wees.’

Woorde van Nelson Mandela

BRON A: Dringende Telegramme word deur Regerings Amptenare gestuur

Op 25 Mei 1976 het Fred van Wyk, die direkteur van die Instituut van Rasverhoudings ’n dringende telegram aan die Progressiewe Federale Party-lid, René de Villiers, met die volgende gestuur: ‘*Baie bekommerd Afrikaans medium geskil swart skole.*’ ‘*Situasie in Soweto baie ernstig.*’ ‘*Kan jy die saak met Minister bespreek...?*’

Op 11 Junie het van Wyk weer ’n telegram aan De Villiers gestuur, wat weer op sy beurt met Dr Treurnicht gepraat het. Dr Treurnicht, die Minister, het ontken dat die disput uitgebrei het. Hy het De Villiers verseker dat die probleem bevredigend opgelos sou word.

Vyf dae later, het die storm losgebars ...

Op 13 Junie het afgevaardigdes van sekondêre skole in Soweto ’n aksiekomitee gekies om ’n protesoptog deur die woonbuurt te lei. Dit sou

gevolg word deur 'n massabyeenkoms in die Orlando Sokkerstadion.

Diè optog is beplan vir Woensdag 16 Junie teen 7:00 vm. Teen 6:00 was honderde leerlinge alreeds by verskeie versamelpunte saamgetrek. Die stemming van die skare was gemoedelik. Slagspreuke op banier het die volgende gelei: “*Weg met Afrikaans*”, “*Bantoe Onderwys – hel toe daarmee*” en “*Afrikaans is 'n Stamtaal*”.

Uitreksel uit: *READER'S DIGEST ILLUSTRATED HISTORY OF SOUTH AFRICA*)

#### BRON B: STUDENTE PAMFLET

##### 'n OPROEP AAN ALMAL

DIS NOU DIE TYD OM 'n AKTIEWE ROL IN DIE STRY VIR  
MENSWAARDIGHEID TE SPEELSTAAN OP EN VEG TEEN  
ONREGVERDIGE STELSELONS DIE STUDENTE VAN DIE KAAPSE  
SKIEREILAND VERKLAAR DAT:

- ons identifiseer met die stryd vir 'n gemeenskap met basiese menseregte.
- ons verlang vrye en gelyke opvoeding vir almal.
- ons verdoem alle organisasies wat menslike vooruitgang vertraag.
- gee werkers gelyke lone en werk volgens meriete.
- stop instromingsbeheer.  
**STUDENTE: JULLÉ HET 'n BELANGRIKE ROL OM IN DIE VERANDERING TE SPEEL. ALLE ONDERDRUKTES MOET NOU OPSTAAN EN GESIEN WORD.**  
VERENIG NOU.BRON CEEN ONVERGETLIKE BEELD

**Sam Nzima, 63, was fotojoernalis vir die *The World*, nuusblad, en het een van die mees dramatiese foto's van ons tye geneem. Twee-en-twintig jaar later kyk hy terug na sy ervaring.**

Die dag voor 16 Junie 1976 het ons nuusredakteur, Percy Qoboza gesê dat Studente van Soweto die volgende dag 'n optog gaan hou. Teen 6:00 vm het ons motorbestuurder vir my en Sophie Thema opgetel en na Soweto geneem.

Teen 8:00 het die optogte begin. 'n Konvooi polisievoertuie het opgedaag

...

'n Wit polisieman het 'n stok geswaai en geskreeu:

'Weg is julle. Ons gee julle drie minute.'

'Ons gaan skiet,' het hy gesê, en het 'n handwapen uitgeruk. Hy het direk gemik na die studente en twee skote gevuur. Hel het losgebars.

Ek onthou ek het omgedraai en vir Hector sien val. Hy was die eerste een. Ek het gesien hoe Mbuyisa Makhubu hom opgetel het en in my rigting gehardloop, saam met Hector se suster, Antoinette.

Ek het ses foto's geneem, insluitend die nou bekende een ...

Mbuyisa het Hector in 'n motor gelaai en hom na 'n kliniek oorkant die straat geneem. 'n Student het gehoor toe die dokter Hector dood verklaar en die ander studente daaromtrent ingelig. Hulle was woedend en die polisie met klippe gegooi; motors en geboue aan die brand gesteek en drankwinkels geplunder. Paniek het versprei.

Teen 15:00 was my foto van Hector op die voorblaaie van omtrent al die koerante, plaaslik en oorsee.'

*Uit: Marie Claire, Junie 1998*

#### BRON DVANUIT 'n RYSTOEL

Popi Burthelezi, nou 39, was 16-jaar oud op 16 Junie, toe 'n koeël van 'n polisieman haar permanent verlam het.

'Ek was 'n student by Senaoane Sekondêre Skool waar onderwysers beveel is om ons in Afrikaans te onderrig. Omdat ek my nie duidelik kon uitdruk nie, het ek 20/100 vir my toets gekry.

Steeds het ek en my vriende nie geweet wat gaan gebeur nie. Ons het nie geweet wie die koördineerder van die ding was nie, maar later sou ons

uitvind dat dit die “Die Soweto Elf” was – jong aktiviste wat byeenkomste by die Hoërskool Morris Isaacks en die Hoërskool Naledi gehou het.

Ek kan nie daardie vergeet nie. Teen 8:00 toe ons by die saal aangekom het om die biologie-eksamen te skryf, het 'n groep met plakkate opgedaag. Die plakkate het soos volg geleei: 'Weg met Afrikaans'. Hulle het gevra dat ons by hulle aansluit. Toe het een van die leiers in 'n boom geklim en ons vertel dat 'n seun geskiet is, hy het gesê ons moes regeringseiendom vernietig – student het geboue begin afbrand en winkels geplunder.

Die polisie het op ons geskiet, maar ons was vir nijs bang nie. Dit is toe dat dr. Melville Edelstein vermoor is – hulle het 'n wit man gesien, hom uit sy motor gesleep, dit aan die brand gesteek, hom doodgeslaan en sy liggaam in 'n vullisdrom gegooi.

Daardie aand het ek die swart woongebied in ligte laaie gesien – dit was soos 'n oorlog ... Ek was op die punt om die straat oor te steek, toe die polisie weer verskyn. Ek het skote gehoor en gehardloop. Die derde koeël het my in die rug getref, my ruggraat deurboor en by my bors uitgetrek. Drie dae later het ek in die Baragwanath Hospitaal wakker geword.

Ek het ontdek dat ek nie kan beweeg nie. Ek wou eers 'n regsgelerde word, maar het toe 'n administratiewe klerk geword. Ek weet nie waarom die polisie op ons geskiet het nie. Miskien sal hulle vandag 'n antwoord daarvoor hê'.

(*Uit: Marie Claire, Junie 1998*)

#### BRON E'n SUSTER ONTHOU

Antoinette Sithole (nee Peterson) was 17 jaar oud toe 'n foto van waar sy langs die liggaam van haar sterwende broer hardloop, die anti-apartheidstryd versinnebeeld het.

‘Op die oggend van 16 Junie 1976 het my niggie gesê daar gaan 'n optog van studente wees om te protesteer teen die onderrig in Afrikaans, maar dat dit stil gehou moes word. Ek het nie geglo dat die optog sou plaasvind nie en het daarvan vergeet.

...Ek en Hector het skole in dieselfde straat in White City bygewoon, dus het ons saam die huis verlaat. Hy was 'n skaam kind, maar snaaks en vol streke. Ons het hom skopper' genoem, weens die manier waarop sy hare gesny was.

...Gedurende saalbyeenkoms het die studente alreeds vredesliedere gesing. Deur die venster het ek gesien hoedat 'n groot massa vanaf die Hoërskool Morris Isaacks geloop het. Hulle wou hê ons moes saam deelneem aan die optog. Ek het gedink dit sou pret wees – ons sou onself gaan uitleef. Omdat daar so baie van ons was, het ek gedink dit sou veilig wees.

Maar by Orlando het die polisie gewere gehad. Hulle het opdrag gegee dat ons uiteen moes gaan, traanrook gegooi en die polisiehonde losgelaat. Ek onthou hoe ek gedink het: Wat gaan aan? Ek het traanrook in my oë, ... tussen struiken van 'n nabijgeleë huis getrek ...

...Ek het omgedraai en gesien hoedat Hector in die straat na my toe aangeloop kom. Hy het my gesien en ek het uitgeroep haai, wat doen jy hier?' Hy het net sy kop op sy skouer laat lê en geglimlag. Skielik het ek 'n geweerskoot gehoor, ons het terug gehardloop vir skuiling. Ek het rondgekyk en gevra: swaar is Hector?'...

Toe was daar weer 'n skoot ...

Toe het ek opgelet hoedat 'n groep seuns 'n ander seun dra. Met die verbykom sien ek die bloed op die seun se skoene, wat ek herken het as Hector s'n. Ek het geskreeu: "Dit is my broer." Skielik het Mbuyisa vanaf nêrens gekom, ons uit die pad gestamp, Hector gegryp en begin hardloop ... Hector het nog gelewe. 'n Motor het stilgehou en die verslaggewer binne-in het gesê ons moet, Hector hospitaal toe neem. Hector was dood. Vandag beskou ek Hector as 'n held. Nadat ons harte genees is, kan ons sien sy dood het 'n verandering gebring. EK vra my telkemale af waarom hy moes sterf, maar nou sien ons die rede daarvoor. Ons kan nie langer iemand blameer nie. Ek is nie meer kwaad nie – ons het so lank onder apartheid gelewe, waarom kwaad wees? Geduld het sy eie vergoeding.

(Uit: Marie Claire, Junie 1998)

BRON FGETUIENIS DEUR Sam Nzima aan 'n Kommissie van Ondersoek oor die Soweto-opstande, 21 September 1976.

*Toe ek daar aankom het ek gesien hoedat twee studente deur 'n koeël neergeveld word.*

Het jy werklik gesien hoe hulle geskiet word? *Ek het hulle sien val.*

En toe? *Hulle is deur 'n paar motoriste na die Baragwanath Hospitaal geneem...*

Hoeveel is na die hospitaal geneem?... *slegs die twee op daardie tydstip. Ek het uit Moffatstraat na die ander straathoek gehardloop; daar het ek 'n man met 'n oorpak raakgeloop. Hy was vergesel van 'n meisie en het 'n seun van ongeveer 8 tot 10 jaar oud gedra.*

Het jy later uitgevind dat dit Peterson was? *Ek het dit in die koerante gelees. Sophie Tema het hom tot by die hospitaal gevolg, waar hy by sy aankoms as dood gesertifiseer is. Daar het sy die naam gekry.*

Wie het die foto geneem waar hy deur die ander man weggedra is? *Ek het.*

Jy het dit geneem? *Dit is korrek.*

## **LU 2:Die leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon**

1. Bestudeer Bron A. Wat was die oorsaak van hierdie vreeslike gebeurtenis wat in Bronne C, D en F geïllustreer word. Motiveer jou antwoord met bewyse uit Bron A.

## **LU 1:Die leerder is in staat om vaardighede te bemeester ten einde die verlede en die hede te ondersoek**

2. Bestudeer Bron A. Verkry bewyse uit die bron dat die Minister oortuig was dat die situasie nog nie ernstig genoeg was nie.

3. Bestudeer Bronne F en C. Watter een is die akkuraatste weergawe van die gebeurtenis wat Nzima beskryf? Motiveer jou antwoord.

4. Stem jy met Nelson Mandela se woorde saam? Motiveer jou antwoord met bewyse uit die bronne asook jou eie kennis.

## LU 3: Die leerder is in staat om 'n begrip van historiese interpretasie te toon.

5. Bestudeer Bronne E, C en D. Verbeel jou jy was die fotograaf. Hoe sou jy so 'n gebeurtenis ervaar het?

6. Bestudeer Bron E. Jy het saam met Antoinette Sithole gehardloop. Skryf 'n paragraaf waarin jy beskryf wat jy op 16 Junie 1976 in Soweto se strate sien gebeur het.

## Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotypes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

## LU 2

Geskiedkundige Kennis en Begrip Die leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang

beteken nie [verandering en kontinuïteit].

### LU 3

Geskiedkundige Interpretasie Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Menswaardigheid

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **SA VANAF 1948 TOT 2000: NASIONALISME**

##### **Module**

##### **MENSWAARDIGHEID**

Menswaardigheid

[LU 1, 2, 3]

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 – Wet nr. 108 van 1996

Uitreksel uit die Grondwet

##### **HANDVES VAN MENSEREGTE**

##### **MENSWAARDIGHEID**

Elkeen het inherente (ingeboore) waardigheid en die reg dat hulle waardigheid gerespekteer en beskerm word.

##### **KINDERS**

- Mag nie aangehou word nie, tensy in 'n uiterste geval, in welke geval 'n kind bykomend tot die regte wat hy/sy onder afdelings 12 en 35 geniet, gepaste tydperk aangehou mag word.
- Apart gehou te word van aangehoudende ouer as 18 jaar, en
- Behandel te word op so 'n wyse, en gehou te word in toestande wat die kind se ouderdom in ag neem.

- 'n Regspraktisyne te hê wat deur die staat aan die kind op staatsonkoste toegewys sal word ...
- Nie regstreeks in gewapende konflik gebruik te word nie, en om beskerm te word in tye van gewapende konflik.
- Familie- en of ouerlike versorging te hê of gesikte alternatiewe versorging indien die kind uit die familie-omgewing weggeneem sou word – om kommunikasie met ouers, gekose godsdienstige raadgewer en gekose mediese praktisyne te hê.

## AFDELING 12 – VRYHEID EN VEILIGHEID VAN 'n PERSOON

- Om nie sonder verhoor aangehou te word nie.
- Om nie op enige wyse gemartel te word of op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

## AFDELING 35 – GEARRESTEERDE, AANGEHOUDE EN AANGEKLAAGDE PERSONE ; het die reg :

- Om stil te bly/om te swyg
- Om nie gedwing te word om enige blydenis of erkenning te maak wat as bewyse teen daardie persoon gebruik kan word nie.
- Om dadelik ingelig te word aangaande die rede vir die aanhouding.
- Om 'n regsprakatisyn te kies en die persoon te raadpleeg, en om dadelik van hierdie reg ingelig te word.

## BRON B: Persoonlike ondervinding van 'n aangehoude student 1976

Tien polisiemanne het die studente gemartel om die inligting wat hulle benodig het, te verkry en Sibongile Mkhabela onthou sy ondervinding:

'Hulle het jou in 'n angswekkende ondervragingskamer geplaas met baie bloedspatsels teen die mure, wat jou doodbang laat voel het. Ek het in 'n sel gestaan met net my nagrok aan. Ek het geweldig ongemaklik gevoel en baie koud gekry. Ek was nie seker wat volgende sou gebeur nie. Vier groot mans met militêre uniforms het ingestap. Hulle was so intimiderend. Hulle het nie 'n woord gesê nie. Hulle het my net geskop en geklap en gedoen net wat hulle wou en my bloeiend op die vloer gelos. Hulle is gevolg deur 'n

veiligheidsdiplomaat wat beleef in Sotho gepraat het. Dit was alles deel van die plan om jou te laat praat.’

**BRON C:** Wat met leerders wat aangehou is gebeur het-1980’s

Binne die bestek van slegs vier maande is meer as 1 400 mense in Soweto aangehou. Die jongste was slegs sewe jaar oud, en die ‘Detainee Parents’ Support Committee’ het beraam dat ten minste een-vyfde van die aangehoude onder die ouderdom van 16 was. Bekommerde ouers is dikwels nie ingelig oor waar hul seuns en dogters aangehou word of nie.

**BRON D:** Storie van Sicelo Dlomo, 15 jaar oud toe hy die eerste keer aangehou is

‘Ek was in die ondervragingskamer toe vyf figure skielik die vertrek inbars. Ek is gedwing om op ’n stoel te sit en is geboei. Toe is ek beveel om my hemp uit te trek. Ek het geweier en hulle het die afgeskeur. Toe het ek hulle gevra, “Wat gaan aan?” en hulle het gesê ek moet verstaan dat ek op ’n elektriese stoel sit en dat indien ek nie die waarheid praat nie, gaan hulle my martel en my daar los om te sterf. Skielik het ek die verskriklikste pyn in my liggaam gevoel toe hulle my skok. Ek het my bewussyn verloor en floog geword.’

(Bronne **B**, **C** en **D** is uittreksel uit: *SOWETO: A HISTORY*, deur P. BONNER en L. SEGAL)

## **LU 2:Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon**

1. Bestudeer Bronne B en D. Wat is die ooreenkomste tussen die bronne?
2. Bestudeer Bron B. Kan jy enige huigelary in die Bron bespeur? Motiveer jou antwoord met bewyse uit die bron.

## **LU 1:Die leerder is in staat om die vaardighede te gebruik ten einde die verlede en die hede te ondersoek**

**3.** Vergelyk Bronne A, B, C en D. Verduidelik hoe daar in Bronne B, C en D oortree is met elk van die bepalings van die nuwe Grondwet.

### **LU 3:Die leerder is in staat om 'n begrip van historiese interpretasie te demonstreer**

**4.** Indien jy voel dat jy teenstrydig met die grondwet benadeel word, na watter hof kan jy jou wend?

**5.** Plaas jouself in Sicebo Dlomo se skoene. Hoe sou jy in 'n soortgelyke situasie opgetree het?

**6.** Beskryf jou gevoelens jeens Bronne B, C en D.

### **Assessering**

#### **Leeruitkomstes(LUs)**

#### **LU 1**

Geskiedkundige Ondersoek  
Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

#### **Assesseringstandaarde(ASe)**

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind

bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 ‘n onafhanklike redenasie as antwoord op ‘n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

## LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne ‘n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

## LU 3

Geskiedkundige Interpretasie Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstreden aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Uitbreiding van die USSR se gesag in Oos-Europa

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **DIE KERNTYDPERK EN DIE KOUE OORLOG**

##### **Module 9**

###### **UITBREIDING VAN DIE USSR SE GESAG IN OOS-EUROPA**

###### **AKTIWITEIT 1**

**Om die Koue Oorlog histories te ondersoek deur gebruik te maak van ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg en kontinuïteit en verandering: UITBREIDING VAN DIE USSR SE GESAG IN OOS-EUROPA**

**[LU 1.1, 2.2, 2.3, 2.4, 3.2]**

BRON A'n Vryvertaalde uittreksel uit Winston Churchill, voormalige Britse Premier, se toespraak op 5 Maart 1946 in die Verenigde State van Amerika


Van Stettin aan die Baltiese see tot by Triest aan die Adriatiese see loop daar 'n ystergordyn deur die kontinent. Agter hierdie gordyn lê die hoofstede van state in Oos-Europa... Al hierdie beroemde stede en hul mense lê binne die Russiese sfeer en is nie net almal in een of ander mate aan Sowjetinvloede blootgestel nie, maar ook in 'n groot mate aan toenemende beheer uit Moskou uitgelewer...Die Kommunistiese Partye het

veel sterker gegroei as wat hul ondersteunerbasis dit toegelaat het...Hulle soek orals totalitaire beheer. Dit is beslis nie die bevryde Europa waarvoor ons geveg het nie. Ook nie een wat permanente vrede waarborg nie.

BRON B'n Vryvertaalde uittreksel uit 'n toespraak van Joseph Stalin, Sowjetleier, op 13 Maart 1946

Dit is absurd om van eksklusiewe Sowjetbeheer in Wenen en Berlyn te praat...Die Sowjetunie se lewensverlies was veel groter as die gesamentlike lewensverlies van die VSA en Brittanie. Die Sowjetunie kan hulle nie vergeet nie. Wat kan dus so verrassend wees as die Sowjetunie angstig is om vir sy eie veiligheid, omliggende state se regerings oor te haal om lojaal teenoor die USSR te wees?

BRON C



'n Spotprent met die titel: "Op las, Joe". Dit het verskyn in 'n Britse tydskrif in 1946. In die spotprent word die Britse leier uitgebeeld. "Joe" verwys na Stalin.

## UITBREIDING VAN DIE USSR SE GESAG IN OOS-EUROPA

- Gebruik Bronne A, B en C wat verwys na die USSR se uitbreiding in Oos-Europa en beantwoord die volgende vrae:

- 1 Verwys na bron A en B. Verduidelik in jou eie woorde die begrip: "Ystergordyn"
2. Verwys na bron A. Watter beskuldigings word deur Churchill teenoor die USSR gemaak?
3. Verwys na bron B. Wat was Stalin se reaksie teen hierdie beskuldigings en verduidelik die redes wat Stalin verskaf het vir die USSR se optrede.
4. Verwys na bron B en C. Verduidelik die teenstrydigheid in Stalin se toespraak met die gebeurtenis soos uitgebeeld in bron C.
5. Bestudeer bron C. Wat is volgens die spotprenttekenaar Churchill se idee van die ystergordyn?
6. Waarom, dink jy, wou "Joe" nie mense van ander lande toelaat nie?
7. Wat sou die doel van die figuur bo-op die skeiding kon wees?

### Assessering

Leeruitkomstes(LUs)

LU 1

Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te

ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

### LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en

langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

### LU 3

**Geskiedkundige Interpretasie** Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronnie interpretasie];

3.2 ‘n interpretasie gegrond op bronnie opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronnie interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Die Truman-leer en die Marshall-plan

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **DIE KERNTYDPERK EN DIE KOUE OORLOG**

##### **Module 10**


###### **DIE TRUMAN-LEER EN DIE MARSHALL-PLAN**

###### **Aktiwiteit 1:**

**Om die Koue Oorlog histories te ondersoek deur gebruik te maak van ooreenkoms en verskil, onttrekking van bewyse en interpretasies en afleidings daaruit: VERDRAGSORGANISASIES**

**[LU 1.1, 1.2, 1.3, 2.2, 3.1, 3.2, 3.3]**

Bestudeer die onderstaande bronne en beantwoord die vrae.



## BRON A 'n Kaart van 'n verdeelde Berlyn

BRON B'n Vryvertaalde uittreksel uit 'n toespraak deur President Truman aangaande die Truman-leer, Maart 1947

Op die huidige oomblik moet feitlik elke nasie tussen alternatiewe leefwyses kies.

Die keuse is te dikwels nie 'n vrye een nie. Een leefwyse is gebaseer op die wil van die meerderheid en word gekenmerk deur vrye instellings, verteenwoordigende regering, vrye verkiesings, waarborgs van individuele vryhede, vryheid van spraak en die vry wees van politieke onderdrukking.

Die tweede leefwyse is gebaseer op die wil van 'n minderheid wat met geweld op die meerderheid afgedruk word. Dit steun op terreur en verdrukking, 'n beheerde pers en radio, verkiesings waarvan die uitslae vooraf gereël is en onderdrukking van persoonlike vryhede.

Ek glo dit moet die beleid van die Verenigde State wees om vrye volke by te staan wat hulle verset teen gepoogde onderwerping deur gewapende minderhede of buitelandse drukgroepe.

BRON CSowjetreaksie op die Marshall-plan van 1947, soos beskryf deur J.N. Westwood in *Russian History 1812 – 1971* (vry vertaal)

Die Marshall-plan van 1947 was 'n teenkommunistiese maatreël in soverre dit Amerikaners se wens was om hulp aan te bied aan Europese ekonomiese

wat met na-oorlogse toestande gesukkel het. Hulle motivering was en om op so 'n wyse die verspreiding van kommunisme te ontmoedig.

Die USSR-afvaardiging na die aanvanklike samesprekings het onder leiding van Molotov uitgestap en Sowjetdruk het Tsjeggo-Slowakye se deelname voorkom. In dieselfde jaar . . . dat die wêreld onherroeplik in twee kampe verdeel was.

Om die Komintern te vervang, is die Kominform gestig om die beleidsrigtings van die vernaamste Europese partye te koördineer.

BRON DNAVO - Lidmaatskap van NAVO, uit *Tydkringe* deur HGJ Lintvelt et al

In April 1949 het NAVO amptelik tot stand gekom. Behalwe die VSA en Kanada was daar aanvanklik nog tien ander lande lede van die gesamentlike verdedigingsverbond, nl. Brittanje, Frankryk, Nederland, België, Luxemburg, Italië, Noorweë, Portugal, Denemarke en Ysland.

Die uitbreek van die Koreaanse Oorlog en die Sowjet-Unie se welslae met die ontwikkeling van die atoombom . . . het die verdere uitbreiding van NAVO se militêre mag in Europa noodsaaklik gemaak. Gevolglik het Griekeland en Turkye hulle in 1952 by NAVO aangesluit en, ondanks besware van Frankryk, ook Wes-Duitsland in 1955.

Beantwoord die vrae oor die Koue Oorlog:

1. Bestudeer bron A en verklaar die teenwoordigheid van die vlae gemerk A, B, C en D.
2. Maak gebruik van bron A en verduidelik die betekenis van grens E en struktuur F.
3. Bestudeer bronne B en C. In bron B beskryf Truman twee leefwyses. Gebruik die bronne en jou kennis om te motiveer watter leefwyse ondersteun is deur:
  - 3.1) die VSA

### 3.2) die USSR

4. Op watter wyse toon hierdie bronne, soos by 3, die verskil in benadering tussen die VSA en die USSR oor hulpverlening aan Europese state?
5. Bestudeer bron D. Gebruik die bron en ook jou kennis en verduidelik waarom Wes-Duitsland se toelating tot NAVO 'n probleem was.
6. Gee bewyse uit bron D wat daarop dui dat Rusland se aktiwiteite NAVO genoop het om sy militêre mag in Europa uit te brei.

## Assessering

### Leeruitkomstes(LUs)

#### LU 1

Geskiedkundige Ondersoek Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om

partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

## LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

## LU 3

Geskiedkundige InterpretasieDie leerder is in staat om aspekte van die

geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Die Berlynse Lugbrug en Blokkade

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

### **DIE KERNTYDPERK EN DIE KOUE OORLOG**

#### **Module 11**

#### **DIE BERLYNSE LUGBRUG EN BLOKKADE**


##### **AKTIWITEIT 1**

Om die Koue Oorlog histories te ondersoek deur gebruik te maak van kronologie, oorsaak en gevolg, en ooreenkoms en verskille: **DIE BERLYNSE LUGBRUG EN BLOKKADE**

[LU 1.1, 2.1, 2.2, 2.3, 3.1, 3.3]

Gebruik bronne A, B, C, D, E en F wat na die Berlynse Blokkade (1948-1949) verwys, en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BRON ADie kaart dui die na-oorlogse verdeling van Duitsland en Berlyn in 1948 aan



BRON BDr. Konrad Adenauer, eerste kanselier van Wes-Duitsland, se kommentaar oor die Berlynse Blokkade (vry vertaal)

Die Sowjet-Unie het probeer om die Westerse moondhede te forseer om toe te gee deur alle toegangsroetes oor land en water te blokkeer. Hulle wou Berlyn in sy eie sfeer isoleer en daardeur die Westerse Geallieerde verwyder.

BRON CPresident Truman van die VSA se kommentaar oor die Berlynse Blokkade in 1949 (vry vertaal)

Ons het geweier om uit Berlyn gedwing te word. Ons het aan die mense van Europa gewys dat ons sal optree, dat ons gesamentlik sou optree as ons vryheid bedreig word. Dit het die mense van Europa polities nader aan ons gebring. Die Berlynse Blokkade was 'n poging om ons vermoë en wil om teenstand te toon, te toets.

BRON DGeneraal Lucius Clay, Amerikaanse Bevelvoerder in Berlyn, se kommentaar oor die Berlynse Blokkade van Junie 1948 (vry vertaal)

As Berlyn sou val, sou Wes-Duitsland volgende wees . . . As ons onttrek uit Berlyn, sou Europa bedreig word . . . Kommunisme sal onkeerbaar toeneem.

BRON E'n Russiese siening van die lugbrug (vry vertaal)

Die Sowjetowerhede was gereed om voedsel en brandstof aan die mense van Berlyn te verskaf, maar die westerse besettingsmagte het die inwoners van Wes-Berlyn van die moontlikheid van enige Oos-Duitse hulp ontneem. Die VSA het 'n sogenaamde "lugbrug" ingestel om Wes-Berlyn per lug te voorsien . . . Hierdie set het as propaganda gedien en het ook noodwendig die Koue Oorlog verhewig.



BRON FSpotprent: Die Voëlkyker, 1948. Stalin, Russiese leier, word voorgestel as 'n voëlkyker gedurende die Berlynse Lugbrug

- Gebruik bronne A, B, C, D, E en F wat na die Berlynse Blokkade (1948-1949) verwys en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1. Bestudeer bronne B, C en D. Identifiseer die posisies van elk van die onderstaande leiers en verduidelik watter rol elkeen in die Blokkade van 1948-1949 gespeel het.

a) Dr. Konrad Adenauer (Bron B)

b) Harry S. Truman (Bron C)

c) Generaal Lucius Clay (Bron D)

2. Gebruik bronne A, B, C, D en E om die verloop van gebeure gedurende die Berlynse Blokkade 1948 -1949 saam te stel.

3. Verwys na bron D. Verduidelik Generaal Clay se siening oor die Blokkade van 1948 -1949.

4. Bestudeer bron E. Hoe probeer bron E

4.1 empatie vir die Sowjetsaak wen?

4.2 antipatie teenoor die Weste bevorder?

5. Bestudeer bron F. Beantwoord dan die volgende vrae deur van die bron en jou eie kennis gebruik te maak.

5.1 Wat sou jy sê wou die spotprenttekenaar met die ooievaars illustreer?

5.2 Watter optrede oorweeg Stalin hier?

5.3 Waarom sou jy sê dat steenkool so belangrik was?

5.4 Hoe dink jy sou die Sowjet-Russe op die spotprent reageer het?

## **Assesseringsvrae**

## Leeruitkomstes(LUs)

### LU 1

Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evaluateer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

### LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

LU 3

Geskiedkundige Interpretasie Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan ]bronnie interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronnie opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronnie interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Die Jackdaw- of Houerprojek

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **DIE KERNTYDPERK EN DIE KOUE OORLOG**

##### **Module 12**

##### **DIE JACKDAW- OF HOUERPROJEK**

###### **AKTIWITEIT 1:**

**Om 'n aspek van die Koue Oorlog na te vors aan die hand van historiese ondersoek, historiese kennis en begrip, en historiese vertolking**

**[LU 1.1 – 1.5, 2.1, 3.1 -3.3]**

##### **JACKDAW of HOUERPROJEK (Navorsingstaak)**

- Baie onderwysers verkies dat leerders 'n onafhanklike navorsingstaak doen.
- Die taak voldoen aan beide navorsings- en kreatiewe vaardighede.
- Al die werk is die leerder se eie skeppings. Die leerder sal self sy/haar eie dagboek, briewe, koeverte, ens. ontwerp.
- Enige onderafdelings van ander onderwerpe kan ook bygetrek word.
- Tydperk van afhandeling is gewoonlik 2 - 3 maande.

## VOORGESTELDE ONDERWERPE

- Die Berlynse muur, 1961
- Kubaanse Missielkrisis
- Wapenwedloop
- Ruimtewedloop
- Internasionale Ruimtestasie
- Hongaarse Opstand, 1956
- Poolse Opstand deur Solidariteit, 1980
- Russiese inval in Tsjeggo-Slowakye, 1968
- Viëtnam
- Koreaanse Oorlog
- Spioene van die Koue Oorlog
- Die Berlynse Lugbrug
- Reagan en Gorbachev
- NAVO
- Marshallplan
- Konflik in die Midde-Ooste
- Stalin se rol in die Koue Oorlog
- Sluipmoord op Kennedy, 1963
- Hiroshima en Nagasaki, 1945

## INSTRUKSIES AAN DIE LEERDERS

### WAT IS 'N JACKDAW- OF HOUERTAAK?

- 'n Houer/doos/lêer van enige soort wat die volgende stukke werk bevat:

### INLIGTINGSVELLE

- Elke houer moet ongeveer VIER inligtingsvelle (A4) bevat waarin die bewyse/bronre wat in die Jackdaw aangetref word, verduidelik /in

perspektief /in konteks geplaas word. Daar word verduidelik hoekom dié bronne gebruik is en hoe hulle by die onderwerp inskakel.

## **KAARTE**

- Moet relevant, netjies en in raam wees. Geen rekenaargegenererde kaarte sal aanvaar word nie.

## **SPOTPRENTE**

- Moet jou eie skepping wees (ten minste een) of 'n oorspronklike een kan gebruik word, maar dit moet duidelik in konteks geplaas wees.

## **DOKUMENTE**

- Dit kan werklike dokumente wees, primêr of sekondêr, of nagemaakte dokumente. Laasgenoemde moet egter op ware feite berus. Dokumente sluit, onder andere, in: brieve, offisiële dokumente, koerantartikels/knipsels, tydskrifartikels, plakkaat, dagboek, militêre bevele en kleinerige artikels bv. briewemes, kompas, ens.

## **GEDIG**

- Moet jou eie skepping wees. Sluit aan by die onderwerp.

## **FOTO'S EN DIAGRAMME**

- Werklik of denkbeeldig. Illustrasie verkieslik deur jouself. Moet by die onderwerp aansluit. Alle illustrasies moet 'n opskrif hê en in in 'n raam wees.

## TYDLYN

- Verduidelik ander belangrike gebeure rondom jou onderwerp.

## 'N STEL VRAE OOR DIE ONDERWERP

- Vrae wat in totaal 20 punte tel moet deur jou oor jou onderwerp opgestel word. Jy moet ook 'n memorandum voorsien.

## BIBLIOGRAFIE

- Alle Bronne moet aangetoon word:
- Boeke Danzinger, C: *Lord Charles Somerset*, Oxford Press, 1980)
- Tydskrif *Time Magazine*, Vol 5, Junie 1999
- Koerante *Die Burger*, 10 Mei 2003
- Webtuistes <http://www.stmartin.edu/~dprice/cold.war.html> (Cold War Hot Links)

## Assesserung

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
Geskiedkundige OndersoekDie leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

## Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

## LU 2

Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

### LU 3

**Geskiedkundige Interpretasie** Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstreden aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronnie interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronnie opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronnie interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Die kern- en ruimtewedloop

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **DIE KERNTYDPERK EN DIE KOUE OORLOG**

##### **Module 13**

###### **DIE KERN- EN RUIMTEWEDLOOP**

AKTIWITEIT 1:


Om die Koue Oorlog histories te ondersoek deur gebruik te maak van oorsaak en gevolg, kontinuïteit en verandering, en vergelykings en afleidings: DIE KERN- EN RUIMTEWEDLOOP

[LU 1.1 – 1.3, 2.2, 2.4, 3.2, 3.3]

BRON A Onderhoud met Harold Agnew, circa 1949, Amerikaanse kernfisikus (vry vertaal)

Niemand het verwag dat die Sowjetunie na die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog oor die infrastruktuur beskik het om 'n kernbom te vervaardig nie. Hulle het wel. Hulle moes inligting van die Manhattanprojek gehad het.

BRON B Voorblad van 'n boek oor: *Koue Oorlog Wetenskap*



BRON CKommentaar van Robert Oppenheimer, Amerikaanse Kernkenner (vry vertaal)

As daar weer 'n wêreldoorlog sou uitbreek, sal die mensdom vernietig word. Ons moet ons afvra of die mensdom genoeg doen om dit te voorkom.

BRON DOnderhoud met die Sowjet militêre strateeg, Valentin Larjonov, 1950 (vry vertaal)

Malkenkov het die hele nasie en wêreldbevolking gewaarsku dat 'n atoomoorlog die hele wêreld sou vernietig en dat so 'n oorlog ten alle koste vermy moes word.


BRON EKommentaar van Galina Misjina, bakker in Moskow, circa 1989 (vry vertaal)

In die vyftigerjare het ons nie besef dat die Amerikaners bang was vir 'n Russiese aanval nie. Ons was onder die indruk dat hulle geweet het dat ons vrede nastreef en dat ons in vrede wou leef. Ons wou ons land opbou , nêrens staan geskryf dat ons enige land wou aanval nie.

BRON FKommentaar van Jean Asam, Amerikaanse student gedurende die vyftigerjare (vry vertaal)

Ons wou ons teen bomme beskerm en geen risiko's loop nie. Daarom het ons bunkers en skuilings in ons agterplase opgerig. Dit het doodgewoon in meeste Amerikaanse voorstede gebeur.

BRON GFoto van herfs 1951 wat die "Buster-Jangles" toetsontploffing aandui. Die leër wou die uitwerking van so 'n ontploffing op soldate wat daarna kyk, toets



(Uit: *The Atomic Duty of Pvt Bill Bires*)

BRON H'n Ooggetuieverslag van Harold Agnew, Amerikaanse Kernfisikus oor 'n eksperimentele kernontploffing in die Stille Oseaan in 1954 (vry vertaal)

Ons was nie voorbereid op so 'n kragtige ontploffing en uitvalgebied nie? 'n Japanneese vissersboot, "Die gelukkige Draak", het deur die kernuitval besmet geraak. Die boot was baie ver vanaf die toetsgebied. Voordat ons besef het wat gebeur het, het die vissermanne radio-aktief besmet geraak. Die vissermanne was 120 km van die ontploffing gewees. Van die 24 bemanningslede het slegs een oorleef. 'n Fout is gemaak. Die wind het die radio-aktiewe uitval verder as wat verwag is, versprei. Dit is betreurenswaardig dat mense besmet geraak het . . .

## BRON IKommentaar van Oleg Trojanovski, Chroesjtsjov se adviseur oor satelliete (vry vertaal)

Chroesjtsjov was van mening dat oorlogskepe en bomwerpers uitgedien geraak het en dat missiele in die toekoms dié rol sou vervul. Daarom het tegnici vanuit die hele Sowjet-unie in die woestyn by Baikonoer in Kazachstan byeengekom om aan satellietontwikkeling te werk. Op 4 Oktober 1957 het ons die eerste ruimtesatelliet, Spoetnik (beteken reisgesel van die aarde) gelanseer. Die Amerikaners het altyd voorgegee dat hulle die rykste en tegnologies die gevorderdste land ter wêreld was. Met Spoetnik wat om die aarde wentel, het hierdie persepsie verander.

## BRON J

### Die Ruimtetuig:

- Russiese Sojoes TM-34 kapsule.
- Lengte: 7,5 meter.
- Gewig: Net meer as 7 ton.
- Die ruimte ingeneem in net sowat agt minute deur 'n Sojoes-U vuurpyl.
- Neem een dag om die internasionale ruimtestasie te bereik.

### Lanseerplek:

Die Baikonoer Kosmodroom in Kazachstan (Asië), die wêreld se oudste lanseerterrein. Die wêreld se eerste satelliet, Spoetnik, is in 1957 hier gelanseer.

Die eerste man in die ruimte, Yuri Gargarin, is vier jaar later ook hiervandaan gelanseer.

### Bestemming:


Internasionale ruimtestasie; 'n reuse, bemande stasie, waaraan daar nog steeds gebou word terwyl dit 400 km bo die aarde wentel.



AP

Gesamentlike projek van 16 nasies wat biljoene dollars kos.

BRON K



In April 2002 het 'n Suid-Afrikaner, Mark Shuttleworth, die tweede ruimtetoeris geword toe hy ook deur 'n Soyuzruimtetauig vanaf Baikonoer na die ruimtestasie gelanseer is. Mark het verskeie wetenskaplike projekte in die ruimtestasie uitgevoer.

VORM VAN ASSESSERING: BRONGEBASEERDE AKTIWITEIT

- Bestudeer al die bronne en beantwoord die vrae wat daarop volg:

- Bestudeer bronne A tot D

1. Watter ooreenkomste en verskille kan jy in hierdie bronne identifiseer?

2. Waaroor stem die twee persone in bronne C en D saam?

3. Bestudeer bron B. Wat sou jy sê sou in die boek oor *Koue Oorlog Wetenskap* voorkom? Waaraan sou die skrywers aandag gee?

- Bestudeer bronne E en F

4. Bestudeer bron E. Was dit nodig vir Amerikaners om bomskuilings te bou (bron F)?

- Bestudeer bronne G en H

5. Wat is die ooreenkoms tussen dié twee bronne?

6. Verduidelik die nagevolge wat kernwapens op die mens kan hê deur dié twee bronne te bestudeer.

- Bestudeer bronne I, J en K

7. Bestudeer bron I. Wat sou jy sê het die lansering van Spoetnik se lansering op die VSA tot gevolg gehad?

8. Bronne I, J en K vermeld die Baikonoer kosmodroom in Kazachstan. Gebruik die drie bronne en jou kennis en skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoe die Russiese en Amerikaanse ruimteprogramme sedert die Koue Oorlog verander het en hoe dit tot voordeel van die mensdom aangewend word.

## Assessering

## Leeruitkomstes(LUs)

### LU 1

Geskiedkundige Ondersoek Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evaluateer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

### LU 2

Geskiedkundige Kennis en Begrip Die leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

LU 3

Geskiedkundige Interpretasie Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan ]bronnie interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronnie opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronnie interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

Eenheid in Afrika

## **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

### **Graad 9**

#### **hedendaagse sake**

#### **Module 14**

##### **eenheid in afrika**

###### **AKTIWITEIT 1**

Die leerder is in staat wees om ondersoekvaardighede te gebruik, historiese kennis en begrip te demonstreer en om aspekte daarvan te interpreteer:  
**EENHEID IN AFRIKA**

[LU 1.2 – 1.4, 2.2, 2.4, 3.2, 3.3]

BRON AAanhalings uit artikels van die OAE-Handves. Die OAE is in 1963 gestig.

###### **Artikel II DOELSTELLINGS**

1. Die organisasie streef die volgende doelstellings na:

- a) Om eenheid tussen Afrika- en Malgassiese State te bevorder.
- b) Om samewerking te koördineer en te verhoog om sodoende beter lewens- omstandighede vir sy mense daar te stel.
- c) Om alle vorms van kolonialisme op die vasteland van Afrika uit te roei, en ...

###### **Artikel III BEGINSELS**

1. Geen inmenging in die huishoudelike sake van 'n staat nie.
2. Nie-gewelddadige beslegting van geskille deur o.a. onderhandelinge, mediasie, konsiliasie of arbitrasie.

Uit: *Basic Documents and Resolutions* (OAU Provisional Secretariat, Addis Ababa, no date)

## BRON B

### DIE STIGTING VAN DIE AFRIKA-UNIE

'n Oomblik van stilte vir die Organisasie van Afrika-Eenheid, asseblief. Met sy stigting ongeveer 40 jaar gelede was daar 'n optimisme dat Afrika sy eie probleme sou kon oplos. Die OAE kon nooit uitvoering hieraan gee nie, en is verlede week deur sy eie ledestate ontbind. Sy plaasvervanger is die Afrika-Unie, wat geloods is met 'n nuwe stel reëls vir die bestuur van vooruitgang op die kontinent. Terwyl die OAE gestig is om kolonialisme, apartheid en vreemde inmenging te beveg, sal die AU konsentreer op menseregte, demokrasie, goeie regering en ontwikkeling.

Hawthorne, P: *All for One, One for All*, (Time, Vol 160, No4, 22 Jul 2002)


## BRON C'n Beskrywing van die Burgeroorlog in die Soedan.

In Soedan vertel die getalle 'n afgryslike storie: twee miljoen gedood, vier miljoen ontwortel, en duisende tot slawerny gedwing. Soedan is die tuiste van Afrika se langdurigste burgeroorlog, en die dodelikste in die wêreld. Meer mense het al hier gesterf as in Bosnië, Kosovo, Somalië, Afghanistan, Tsjetsjinië en Algerië tesame.

Die burgeroorlog het in 1955 uitgebreek as 'n stryd tussen die land se oorheersende Arabiese Moslemnoorde en die swart Afrikasuide, wat selfregering verlang het. Die suidelikes, meestal Christene en die volgelinge van stamgebonde gelowe, het gevoel dat daar teen hulle gediskrimineer word en dat die regmatige deel van dienste hulle al lank ontsê is.

Patricia Smith: Africa's Longest War, *The New York Times*  
(teacher.scholastic.com)

BRON DStigting van die OAE in 1963; van eenheid min sprake.



Malan, S. (ed.): *New History to the Point*, Johannesburg, 1975

## Aktiwiteit 2

[LU 1.2, 1.3, 1.4, 2.2, 2.4, 3.2, 3.3]

1. Bestudeer Bronne A, C en D.

1.1 Deur gebruik te maak van jou kennis en bostaande bronne verduidelik hoe die OAE se doelstellings en beginsels soos genoem in Bron A, nie uitgevoer is nie. Verskaf redes uit die bronne.

- Wat is die ooreenkoms tussen Bronne C en D?

- Deur Bronne A en C te bestudeer, identifiseer beginsels van die OAE in Bron A wat deur Bron C nietig gemaak word.

2. Bestudeer Bronne A en B.

2.1 Waarom, volgens Bron B, was die OAE 'n mislukking? Gebruik jou kennis en gee bewyse vanuit die bronne.

2.2 Watter nuwe rol word daar volgens Bron B vir die Afrika-Unie voorsien? Wat is jou mening oor die nuwe benadering van die Afrika-Unie en verwag jy dat dit meer suksesvol sal wees?

2.3 Op watter politieke aspekte het die OAE volgens Bron B te veel gekonsentreer?

## Assessering

Leeruitkomstes(LUs)

LU 1

Geskiedkundige Ondersoek Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid

relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

## LU 2

Geskiedkundige Kennis en Begrip Die leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

## LU 3

**Geskiedkundige Interpretasie** Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

## Kinders en Vigs in Afrika

# **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

## **Graad 9**

### **HEDENDAAGSE SAKE**

#### **Module 15**

##### **KINDERS EN VIGS IN AFRIKA**

Kinders in Afrika

AKTIWITEIT 1:

Die leerder is in staat wees om ondersoekvaardighede te gebruik, asook om historiese kennis en begrip te demonstreer deur gebruik te maak van ooreenkomste en verskille: KINDERS IN AFRIKA

[LU 1.1, 1.3, 1.4, 2.3]

- Bestudeer die onderstaande bronne en beantwoord die vrae daaroor.

BRON A Kommentaar oor Vigs

Indien daar nie nou tot aksie oorgegaan word nie, sal meer mense teen 2010 aan vigs gesterf het as in al die oorloë van die twintigste eeu saam . . .

*Rapport, 16 Julie 2000*

BRON BNuusoorsig, Mei 2001, Vigs in Afrika

Sowat 12 miljoen kinders in Afrika is wees gelaat as gevolg van Vigs, het die organisasie Christian Aid in 'n verslag in Londen bekend gemaak.

*Die Burger*, Nuusoorsig, 19 Mei 2001

## BRON CVigs-wesies in Suidelike Afrika

Intussen dui konserwatiewe ramings daarop dat Zimbabwe binne ses jaar reeds 600 000 sogenaamde Vigs-wesies gaan hê. Tehuise vir die weeskinders is reeds vol.

*Die Burger*, 19 November 1993

## BRON DUittreksel uit die Grondwet van Suid-Afrika

### HANDVES VAN MENSEREGTE

#### MENSWAARDIGHEID

Elkeen het inherente (ingeboore) waardigheid en die reg dat hulle waardigheid gerespekteer en beskerm word.

#### KINDERS

Mag nie aangehou word nie, tensy in 'n uiterste geval, in welke geval 'n kind bykomend tot die regte wat hy/sy onder afdelings 12 en 35 geniet, vir 'n gepaste tydperk aangehou mag word.

Moet apart gehou word van aangehoudenes ouer as 18 jaar, en

Moet behandel word op so 'n wyse, en gehou word in toestande wat die kind se ouderdom in ag neem.

Moet 'n regspraktisy hê wat deur die staat aan die kind op staatsonkoste toegewys sal word ...

Moenie regstreeks in gewapende konflik gebruik word nie, en het die reg om beskerm te word in tye van gewapende konflik.

Het die reg om familie- en of ouerlike versorging te hê of geskikte alternatiewe versorging indien die kind uit die familie-omgewing

weggeneem sou word – en het die reg om kommunikasie met ouers, gekose godsdiensstige raadgewer en gekose mediese praktisyn te hê.

### BRON EKinders wat in Sierra Leone as soldate gebruik word

Gedurende die laaste dekade het die oorlogvoerende partye in Sierra Leone almal van kinders as soldate gebruik gemaak - so jonk as 12 jaar en ouer. Duisende is ook deur die Rewolusionêre Eenheidsfront ontvoer en teen hulle sin in die bosse aangehou om as soldate of slawe-arbeiders gebruik te word. Sommige kinders het tot ses jaar in die bosse gewoon en het ook deel gehad aan afgryslike oorlogsmisdade soos die afsit van gevangenes se ledemate, ens.

A Raffaele Ciriello: *Post Cards from Hell* ([www.ciriello.com](http://www.ciriello.com))

### BRON FSIERRA LEONE-KINDERS: Jonk, Gewapen en Gevaarlik

Freetown-- Sedert die Militêre Junta in Mei die bewind oorgeneem het, het honderde kindersoldate gevlug van die kampe waar hulle gehou is. Dié kinders was daarna terug op straat, en gewapen met AK 47-gewere en granaat-lanseerders. Dit kom algemeen voor dat kinders weer die strate van stede soos Freetown patroolleer. Dit bring hernude vrese dat kinders weer in konflik betrokke kan raak.

Interpress: 1/7/1997 (<http://pangaea.org>)

### Opdragte

1. Bestudeer al SES bronne. Maak 'n lys van moontlike ooreenkomste en verskille tussen die onderwerpe wat in hierdie bronne gehanteer word.
2. Bestudeer Bronne A tot C. Wat is die effek van Vigs op kinders in Afrika?
3. Bestudeer Bronne D tot F. Aan watter aspekte van die Suid-Afrikaanse Grondwet (Bron D) voldoen die gebruik van kindersoldate in Sierra Leone (Bronne E en F) nie?

4. Bestudeer weer Bronne E en F. Dink jy die gebruik van kindersoldate in enige oorlog is geregtig? Gee redes vir jou antwoord.

Vigs en Afrika

AKTIWITEIT 2:

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik, asook historiese kennis en begrip te demonstreer deur gebruik te maak van ooreenkoms en verskille, oorsaak en gevolg en chronologie: VIGS EN AFRIKA

[LU 1.3, 1.4, 1.5, 2.1, 2.2, 2.3]

BRON A Impak van Vigs vererger hongersnood in Afrika

Impak van Vigs vererger hongersnood in Afrika

Epidemie versprei vinnig in nuwe gebiede in die wêreld,

sê nuwe verslag

Ondanks sukses met voorkoming, is globale optrede steeds onderbefonds

Londen, 26 November 2002 – Die HIV/VIGS epidemie is besig om 'n groterwordende dodelike hongersnood in Suidelike-Afrika aan te blaas, volgens 'n nuwe verslag "VIGS Epidemie Nuwe Inligting 2002". Die nuwe inligting rakende die globale HIV/VIGS epidemie is vandag deur die Gesamentlike VN Program vir HIV/VIGS (UNAIDS) en die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WHO) uitgereik ter viering van Wêreld Vigsdag op 1 Desember 2003.

Volgens hierdie verslag is die hongersnood in Afrika 'n duidelike voorbeeld van hoe die impak van HIV/VIGS ook op ander gebiede 'n rol speel, afgesien van lewensverlies en gesondheidskostes wat tradisioneel met hierdie siekte verbind word. Meer as 14 miljoen mense in Lesotho, Swaziland, Malawi, Mosambiek, Zambië en Zimbabwe staar hongersnood in die gesig. Al hierdie oorwegend landbougemeenskappe sukkel ook met ernstige VIGS epidemies, met meer as 5 miljoen volwassenes uit 'n totaal

van 26 miljoen wat reeds met HIV/VIGS leef. Hierdie ses lande het ook 'n totaal van 600 000 kinders onder die ouerdom van 16 met HIV/VIGS.

BRON BThalyta Swanepoel: Vigs: 20 jaar later.

[Daar is reeds] 22 miljoen mense [tot] vandag al weens vigs dood . . . en 36 miljoen [is] MIV-positief, meer as die helfte van hulle in Afrika suid van die Sahara.

*Die Burger*, 5 Junie 2001

BRON CVIGS, AFRIKA en HULP.

Dinsdag, 18 Maart 2003

40 Miljoen mense leef wêreldwyd met Vigs, waarvan 30 miljoen in Afrika woon. Hiervan is 58% vroue en 3 miljoen kinders onder 15 jaar. In 2001 het 3,1 miljoen mense aan Vigs gesterf. Meer as 12 miljoen kinders is wees gelaat weens Vigs – teen 2010 sal dit so veel as 30 miljoen wees. Vigs is geïdentifiseer as die primêre oorsaak van Afrika se kroniese voedseltekorte en is die ekonomiese vyand nommer een. As die tendens voortgaan, sal sub-Sahara Afrika teen 2015 'n ekonomiese en sosiale ineenstorting beleef.

Dru Oja Jay: *African News*


Opdragte

1. Bestudeer Bronne A en B. Noem ten minste drie gevolge wat die Vigsepidemie, veral in Afrika, tot gevolg het.
2. Deur weer na Bron A te verwys, stem jy saam dat die Vigsepidemie 'n uitwerking op voedselproduksie kan hê? Verduidelik in jou eie woorde hoekom die Vigsepidemie 'n uitwerking op voedselproduksie sal hê.
3. Gebruik die meegaande kaart van Afrika en die inligting in Bron A asook ander inligting wat jy bekom het, en dui op die kaart aan watter lande in Suidelike Afrika hongersnood ervaar.

1. Algerië / Algeria

2. Angola
3. Benin
4. Botswana
5. Burkina Faso
6. Burundi
7. Djibouti
8. Egipte / Egypt
9. Ekwatoriaal-Guinee / Equatorial Guinea
10. Eritrea
11. Ethiopië / Ethopia
12. Gaboen / Gabon
13. Gambië / Gambia
14. Ghana
15. Guinee / Guinea
16. Guinee-Bissau / Guinea Bissau
17. Ivoorkus / Ivory Coast
18. Kameroen / Cameroon
19. Kenia / Kenya
20. Kongo, Rep. van / Congo, Rep. of
21. Kongo / Congo
22. Lesotho
23. Liberië / Liberia
24. Libië / Libya
25. Madagaskar / Madagascar
26. Malawi
27. Mali
28. Marokko
29. Mauretanië / Mauritania
30. Mosambiek / Mozambique
31. Namibië / Namibia
32. Niger
33. Nigerië / Nigeria
34. Rwanda
35. Wes-Sahara / Western Sahara
36. Senegal
37. Sentraal Afrikaanse Rep. / Central African Rep.
38. Sierra Leone

- 39. Somalië / Somalia
- 40. Suid-Afrika / South Africa
- 41. Soedan / Sudan
- 42. Swaziland
- 43. Tanzanië / Tanzania
- 44. Togo
- 45. Tsjad / Chad
- 46. Tunisië / Tunisia
- 47. Uganda
- 48. Zambië / Zambia
- 49. Zimbabwe



## Assessering

Leeruitkomstes(LUs)

## LU 1

Geskiedkundige Ondersoek Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

### Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 'n onderwerp ondersoek deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne];

1.2 belangrike en sinvolle vrae stel om bronne te evaluateer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne];

1.3 die inligting in die bronne ontleed [werk met bronne];

1.4 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aanbied en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag];

1.5 kennis en begrip oordra deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied [kommunikeer die antwoord].

## LU 2

Geskiedkundige Kennis en Begrip Die leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

2.1 gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk plaas [kronologie];

2.2 kategorieë oorsake en gevolge identifiseer (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg];

2.3 die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed [oorsaak en gevolg];

2.4 verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

### LU 3

**Geskiedkundige Interpretasie** Die leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

3.1 die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf verstaan [bronre interpretasie];

3.2 'n interpretasie gegrond op bronre opstel en gee redes vir eie interpretasie [bronre interpretasie];

3.3 vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed ontleed [invloede op interpretasie];

3.4 die maniere waarop simbole gebruik word verduidelik om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].